UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot·your knowledge partner

# NUUSBRIEF

## Universiteit Stellenbosch Aftredefonds

This newsletter is also available in English. Please send email to rwvs@sun.ac.za to request an English copy.

Maart 2010 Volume 16


1. Inligting oor beleggingsprestasie: 2009
2. Laagste rentekoerse in jare: wat beteken dit vir u?
3. Veranderings aan reëls
4. AF Online
5. Verkryging van gesonde finansiële raad
6. Voordeelstaat soos op 31 Desember 2009
7. Benoemingsvorms vir begunstigdes
8. Bestuur van die fonds
9. Die fonds se diensverskaffers
10. Belangrike kontakbesonderhede


Beplanning en spaar vir u aftrede verg persoonlike dissipline en kennis. Alhoewel u as 'n lid van die *Universiteit Stellenbosch Aftredefonds* reeds ondersteuning in hierdie verband ontvang, bly dit 'n tweerigtingproses met die fonds waarin u vir u toekoms beplan. Hierdie jaarlikse nuusbrief sal u inlig oor die fonds se beleggings, die bestuur van die fonds en ander nuus wat dit beïnvloed, soos veranderinge aan wetgewing. Neem die tyd om hierdie nuusbrief te lees. U moet uself toerus met die essensiële inligting om u aftrede na 'n vlak te neem waar u gemaklik kan leef en die latere jare van u lewe geniet.

## 1. Inligting oor beleggingsprestasie: 2009

Die jaar 2009 het sy hoogtepunte en laagtepunte gehad:

- Suid-Afrika het 'n resessie beleef (twee opeenvolgende kwartale van negatiewe ekonomiese groei).
- Die G20 het reuse finansiële hulp-pakkette aangekondig om hulle ekonomieë te help.
- Miljoene mense die wêreld oor het afdanking in die gesig gestaar.

Ten spyte van hierdie gebeure, het ons plaaslike aandelemark 'n opbrengs van 32.1% vir die jaar getoon, en ons sien tans tekens van herstel in die globale ekonomie.

### 2010 is uiteindelik hier!

Die FIFA Wêreldbeker sal in Junie plaasvind en daar word gehoop dat die toernooi die ekonomie, sowel as die land se aanloklikheid vir toeriste sal ondersteun. Die probleem is egter dat Suid-Afrika nog steeds gekwel word deur diensleweringskwessies, 'n verbrokkelende onderwysstelsel en 'n hoë misdaadsyfer. Die regering sal 'n beginsel van verbeterde dienslewering en streng interne beheermaatreëls moet aanneem om met hierdie kwessies te hanteer.

### Globaal




Op die globale front is China die land om dop te hou, aangesien dit onlangs Duitsland verbygesteek het as die wêreld se grootste uitvoerder. Die dien as bewys van sy toenemende mag in die wêreldmarkte.

Wêreldwyd het aandelemarkte ook herstel, soos in die grafiek links gesien kan word.

### Die risiko van emosionele belegging

Die herstel in 2009 wat op die swak prestasie in 2008 gevolg het, wys ons dat daar 'n behoefte is vir aftredefondslede om 'n behoorlike begrip te hê vir die wisselvalligheid in beleggingsprestasie van effektemarkte. Indien daar aan die begin van 2009 na 'n konserwatiewe portefeulje geskuif is, wat uit 'n emosionele oogpunt 'n baie aanloklike skuif sou gewees het, sou 'n belegger die kans verloor het om 2008 se verliese te herwin.

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

Markaanwysers

Die volgende tabel toon die jaarlikse prestasie syfer van die sleutel markaanwysers (aandele, effekte en kontant, beide Suid-Afrikaans en globaal) oor verskillende tydperke. Die doel van hierdie syfers is om 'n oorsig te verskaf van hoe die markte presteer het, beide onlangs en oor die langer termyn.

| Bateklasse | 2009 | 2008 | 2007 | 3 jaar tot Desember 2009 | 5 jaar tot Desember 2009 |
|---|---|---|---|---|---|
| Plaaslike aandele | 32% | -23% | 19% | 7% | 20% |
| Plaaslike effekte | -1% | 17% | 4% | 6% | 7% |
| Plaaslike kontant | 9% | 12% | 9% | 10% | 9% |
| Wêreldaandele * | 4% | -19% | 6% | -4% | 8% |
| Wêreldeffekte * | -18% | 50% | 8% | 9% | 10% |
| Wêreldkontant * | -20% | 38% | 2% | 4% | 9% |

** Let asseblief daarop dat die opbrengste vir die globale bateklasse van dollar in Rand omgeskakel is. Die verandering in wisselkoerse het dus 'n beduidende effek op hierdie syfers. Daarbenewens is die globale kontantopbrengs die Amerikaanse drie-maande skatkiswissel.*

Hoe het die Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds presteer?

Die fonds het bestendige beleggingsprestasie gelewer en 'n opbrengs van 17.2% p.j. is gelewer oor die vyfjaar-tydperk tot 31 Desember 2009 aan lede wat in die normale gebalanseerde portefeulje belê was. Oor die korter termyn het die fonds 'n opbrengs van 17.1% gelewer oor die een jaar tot 31 Desember 2009.

Die trustees monitor die prestasie van al die beleggingsbestuurders op 'n voortgesette basis om te probeer verseker dat die lang termyn beleggingsprestasie in lyn is met of selfs beter is as die onderskeie maatstawwe.

Die tabel hieronder illustreer die fonds se portefeulje opbrengste vir die tydperk tot 31 Desember 2009, tesame met 'n vergelyking van die beleggingsprestasie van ander bestuurders in Suid-Afrika.

| | *1 jr (p.j.)* | *3 jr (p.j.)* |
|---|---|---|
| **Plaaslike Bates** | | |
| Allan Gray | 19.9% | 9.4% |
| Coronation | 28.2% | 10.2% |
| Foord | 22.0% | n/a |
| Prudential | 22.0% | n/a |
| *Mediaan plaaslike bestuurder* | *23.8%* | *8.2%* |
| *Top kwartiel plaaslike bestuurder* | *24.1%* | *8.7%* |
| **Internasionale Bates** | | |
| Allan Gray (Internasionaal) | -5.0% | 6.8% |
| *Internasionale indeks-maatstaf*[1] | *-2.7%* | *0.3%* |
| **Totale fonds*** | **17.1%** | **8.8%** |
| *Mediaan bestuurder (plaaslik en internasionaal)* | *19.3%* | *6.2%* |
| *Inflasie* | *6.3%* | *8.3%* |

<u>Nota:</u> **Die totale fondsopbrengste is netto van beleggingskostes.*

Die grootste gedeelte van die bates van die fonds word in gebalanseerde beleggingsportefeuljes belê. Allan Gray, Coronation, Foord en Prudential is die batebestuurders wat aangestel is om die plaaslike gedeeltes van dié beleggingsportefeuljes te bestuur. Die internasionale bates word ten volle deur Allan Gray Orbis bestuur.

[1] Die maatstaf word bereken as 70% van die *MSCI World Index* en 30% van die *Global Bond Benchmark*. (Die *Global Bond Benchmark* is die geweegde gemiddeld van 40% Citi WGBI en 60% Lehman Global Aggregate.)


*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

Op 31 Desember 2009 het die gebalanseerde beleggings van die fonds **R1,429,540,960** beloop en is dit soos volg belê:

Allan Gray : R441,584,988
Coronation : R327,127,735
Foord : R196,996,979
Prudential : R207,906,691
Allan Gray Internasionaal: R255,924,567

Die totale bates in die twee kapitaalbeskermingsportefeuljes[2] het op 31 Desember 2009 soos volg daar uitgesien:

IS FullVest : R 5,239,054
IS Banker : R39,208,390




**Huidige beleggingsopsies**

Die meerderheid lede van die fonds word in die fonds se gebalanseerde portefeulje belê. Lede kan egter ook kies om die Individuele Beleggingsplan roete te volg, waar hulle met behulp van 'n finansiële adviseur 'n persoonlike beleggingsportefeulje kan saamstel. Laastens het lede wat ouer as 53 is die keuse om hulle fondskrediete gedeeltelik of ten volle in die kontantportefeulje te belê (die kapitaalbeskermingsopsie). Sekere kostes en voorwaardes geld indien lede bogenoemde keuses uitoefen.

Net om die geheue te verfris: in terme van die lewensfasemodel word lede outomaties en geleidelik na die kontantportefeulje geskuif in die jaar waarin hulle 63 word (sou hulle nie gekies het om in die fonds se gebalanseerde portefeulje of een van die ander beleggingsopsies wat vir hulle beskikbaar is, te bly nie). Aan die einde van die jaar waarin hierdie lede 65 word, sal ongeveer 50% van hulle fondskrediet in die gebalanseerde portefeulje en 50% in die kontantportefeulje belê wees.

## 2. Laagste rentekoerse in jare: wat beteken dit vir u?

In Augustus 2009 het die Reserwebank se Monetêre Beleidskomittee baie mense – kenners en die algemene publiek – verras toe rentekoerse met 50 basispunte verlaag is. Gevolglik het kommersiële banke die prima uitleenkoers tot 10.5% verlaag. Hierdie is die verwysingskoers vir baie mense se kredietkaarte en verbande. Oor die algemeen is daar twee maniere om met die besparing om te gaan wat die rentekoersverlagings meegebring het:

1. U kan meer geld in u sak sit (nooit 'n slegte ding nie!) as u u maandelikse verbandpaaiement volgens die laer rentekoerse verlaag
2. U kan die verbandpaaiement hou waar dit was en ekstra geld in u verband inbetaal, en sodoende die verband vinniger afbetaal

**Die berekeninge …**

Kom ons kyk 'n bietjie na 'n huishouding wat 'n huislening van R500 000 maandeliks oor 20 jaar afbetaal.

**Situasie 1:**

U verminder u maandelikse verbandpaaiement volgens die jongste rentekoerse. U het elke maand 'n ekstra R170.04 in die sak. Dit is gelyk aan 'n ekstra R2 040.48 per jaar. U sal nie u verband vinniger afbetaal as die oorspronklike term van 20 jaar nie.

| **Rentekoers** | 11% | 10.5% | | **Verskil in u sak:** |
|---|---|---|---|---|
| **Maandelikse paaiement** | R5 160.94 | R4 991.90 | | R169.04 elke maand |

[2] Die Investment Solutions (IS) FullVest portefeulje het vroeër gedien as die beleggingsmedium vir die kapitaalbeskermingsopsie en is in November 2004 met die IS Banker portefeulje vervang.

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

**Situasie 2:**

U hou u verbandpaaiement soos wat dit voorheen was en betaal ekstra in die verband in, en betaal die verband dus 'n bietjie vinniger af.

| | Rentekoers 11% | Rentekoers 10.5% | | Totale besparing deur die paaiemente teen die vorige koers te hou: |
|---|---|---|---|---|
| **Maandelikse paaiemente** | R5 160.94 | R4 991.90 (maar u betaal meer in) | | R123 735.40<br><br>(gelyk aan twee jaar se paaiemente) |
| **Totale paaiemente** | R1 238 625.60 (oor 20 jaar) | R1 114 890.28 (oor 18 jaar) | | |

## 3. Veranderings aan reëls

Elke aftredefonds se stel reëls moet by die Registrateur van Pensioenfondse (FDR) geregistreer word en deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) goedgekeur word. Veranderinge aan hierdie reëls moet ook met die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer word en deur SAID goedgekeur word.

Die volgende twee veranderings aan die reëls is in die afgelope jaar aan die FDR en die SAID voorgelê:

| *Nr* | *Doel* | *Effektiewe datum* | *Goedgekeur: FDR* | *Goedgekeur: SAID* |
|---|---|---|---|---|
| 4 | – Om die reëls by te werk om die bepalinge van veranderinge in wetgewing te inkorporeer<br>– Om die reëls met huidige administratiewe beste praktyk te belyn<br>– Om die behoud van aftredefondsvoordele te bevorder van lede wat geaffekteer mag word deur 'n oordrag van besigheid ingevolge Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge en om die opsies wat aan sulke lede beskikbaar is, te verduidelik. | 1 Junie 2009 | 22 Okt 2009 | 5 Nov 2009 |
| 5 | – Om die definisie van Kwalifiserende Eggenoot uit te klaar<br>– Om u toe te laat om bykomende vrywillige bydraes tot die fonds te maak. | 1 Des 2009 | 24 Feb 2010 | 12 Maart 2010 |

Die reëls kan by die fonds se geregistreerde adres besigtig word.

## 4. AF Online

Lede word weereens aan AF Online herinner. AF Online is 'n interaktiewe webgebaseerde finansiële portaal tot die fonds wat 'n magdom van inligting verskaf om u op die pad na finansiële sekuriteite te lei en help. Onder die onderwerpe wat gedek word, is:

- Beleggings
- Persoonlike finansiële beplanning
- Finansiële gereedskap en berekenaars
- Motor- en huishoudelike versekering



Dit is moontlik om via die AF Online webblad, www.afonline.co.za, aanlyn op datum te bly met u beleggingsinligting en fondsvoordele.

Voordat u vir die eerste keer inteken, sal u gevra word om te registreer. Die registrasieproses word duidelik op die webblad uitgestippel. Ná u suksesvolle registrasie sal u 'n gebruikernaam en wagwoord ontvang waarmee u kan aanteken. U kan ook die Alexander Forbes Inbelsentrum by 0860 103 871 kontak vir bystand.

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

## 5. Verkryging van gesonde finansiële raad

Indien u beplan om van 'n finansiële adviseur gebruik te maak, kan u die volgende punte in aanmerking neem:

- Vra die finansiële beplanner uit oor sy of haar kwalifikasies.
- Vind uit wat die finansiële beplanner se dienste insluit. Dit is byvoorbeeld belangrik om gereeld terugvoer te kry. Die beplanner moet ook die vereistes van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste (FAIS) nakom wat byvoorbeeld riglyne verskaf oor analises wat die beplanner moet uitvoer om u finansiële behoeftes te verstaan en oor die openbaarmaking van en ooreenkoms oor die beplanner se tariewe.
- Die beplanner moet baie verskillende oplossings vir u kan verkry, ideaal gesproke vanaf verskillende maatskappye, en mag u ook nie forseer om 'n spesifieke oplossing te kies nie.

Dit is belangrik om met 'n gesertifiseerde finansiële adviseur sake te doen (verkieslik een wat met 'n Gesertifiseerde Finansiële Beplanner kwalifikasie geakkrediteer is) wanneer u u aftredebeplanning doen. Geakkrediteerde finansiële adviseurs is toegerus met die nodige kennis om u van veilige en gesonde advies te bedien. Besoek gerus die webblad van die Finansiële Beplanningsinstituut (www.fpi.co.za) om uit te vind of 'n finansiële beplanner gesertifiseer is al dan nie.

## 6. Voordeelstate soos op 31 Desember 2009

Saam met hierdie nuusbrief het u u jaarlikse voordeelstaat ontvang wat besonderhede verskaf van die bydraes wat namens u aan die fonds betaal is, en die waardes van u uitdienstredings-, sterfte-, ongeskiktheids- en aftreevoordele is op die datum van die staat. Lees asseblief noukeurig deur u staat en kontak Robert van Staden (rwvs@sun.ac.za) indien enige veranderinge aangebring moet word.

## 7. Benoemingsvorms vir begunstigdes

'n Benoemingsvorm vir begunstigdes word saam met hierdie nuusbrief versprei.

**Drie belangrike stappe in die voltooiing van u benoemingsvorm vir begunstigdes**

*Stap 1: Lys al u afhanklikes*

**Al** u afhanklikes moet op die vorm genoem word, m.a.w.:

- Gade en kinders (jonger en ouers as 18 jaar)
- Enigiemand anders wat tans finansieel van u afhanklik is
- Onderhoudsooreenkomste

*Stap 2: Dui 'n persentasie aan vir elke persoon*

U moet die persentasie van die voordeel wat aan elke afhanklike betaalbaar is, aandui. **Dit kan selfs 0% wees.** Waar dit 0% is, moet 'n rede verskaf word, bv. "afhanklike werk voltyds en is nie finansieel van my afhanklik nie" of "afsonderlike versekeringspolis in plek vir hierdie afhanklike". Indien u nie al u afhanklikes noem nie, **kan die uitbetaling van die voordeel vertraag word.** (Buite-egtelike kinders word ook as afhanklikes beskou.)

*Stap 3: Benoem 'n begunstigde*

U mag ook ander begunstigdes benoem, selfs die plaaslike Dierebeskermingsvereniging!

Dit is BAIE BELANGRIK dat u hierdie vorm bywerk elke keer dat u lewensomstandighede verander, soos met 'n huwelik of die geboorte van 'n kind. Verskaf altyd volledige kontakbesonderhede van u begunstigdes. As dit nie gedoen word nie kan **uitbetaling vertraag word.**

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

## 8. Bestuur van die fonds

**Elke aftredefonds** word deur 'n raad van trustees beheer. Die trustees wat deur die werkgewer aangestel is, word deur die Universiteit Stellenbosch aangestel en dié wat deur die lede aangestel is, word deur die verskeie werknemerorganisasies verkies.

Die volgende persone dien tans op die Raad van Trustees van die fonds:

| | |
|---|---|
| **Trustees deur werkgewer aangestel** | Prof JU de Villiers<br>Prof JD Krige<br>Mnr J Fouché<br>Prof JF Smith<br>Prof L van Huyssteen |
| **Trustees deur lede aangestel**[3] | Mnr L Burrows<br>Mnr MC de Jongh<br>Mnr PW Kloppers |
| **Hoofbeampte** | Mnr J Kotzé |
| **Voorsitter** | Prof JD Krige (waarnemend sedert 1 November 2009) |

## 9. Die fonds se diensverskaffers

Die trustees het verskeie diensverskaffers aangestel om seker te maak dat die fonds op die beste manier moontlik bestuur word. Die diensverskaffers van die fonds is soos volg:

| Diens | Verskaffer | Opsomming van funksie |
|---|---|---|
| Aktuarisse en konsultante | Alexander Forbes Finansiële Dienstes | Om die trustees te help en te lei in die bestuur van die fonds en om nakoming van aftreefondswetgewing te verseker. Om die finansiële posisie van die fonds te ondersoek en daaroor verslag te doen. |
| Administrateurs | Alexander Forbes Finansiële Dienste | Lopende rekordhouding, belê van bydraes, uitreiking van voordelestate en betaling van voordele. |
| Ouditeure | PriceWaterhouseCoopers | Om die jaarlikse oudit van die fonds se rekenings uit te voer en verslag te doen oor sekere vereistes soos deur die Registrateur van Pensioenfondse bepaal. |
| Bankiers | Standard Bank | Dit is die bank waar die fonds sy rekenings het, waaruit en waarin fondsgelde betaal word. |
| Versekeraars | Capital Alliance, Old Mutual & Sanlam | Om groepslewensversekering en permanente gesondheidsversekering (sterfte- en ongeskiktheidsvoordele) te verskaf. |
| Beleggingsbestuurders | Allan Gray, Coronation, Foord, Prudential & Investment Solutions | Om die fonds se bates volgens die mandaat wat deur die trustees uiteengesit is, te bestuur. |

## 10. Belangrike kontakbesonderhede

| *MH-departement* | *Fondskonsultant* | *Pensioenfondsberegter (PFB)* |
|---|---|---|
| **Japie Kotzé**<br>Tel.: 021 808 2754<br>Faks: 021 808 4983<br>E-pos: jjsk@sun.ac.za<br><br>EN<br><br>**Robert van Staden**<br>Tel.: 021 808 4822<br>Faks: 021 808 2484<br>E-pos: rwvs@sun.ac.za<br><br>Alle eise of fondsnavrae moet via die MH-departement gedoen word. | **Theo van Wyk**<br>Tel.: 021 809 3723<br>Faks: 021 809 2898<br>E-pos: vanwykt@aforbes.co.za | 2de Verdieping, Sandown House<br>Sandton Close 2<br>Sandton<br>2196<br>E-pos: enquiries-jhb@pfa.org.za<br><br>Lede mag die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die fonds hanteer word nie. Raadpleeg die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir besonderhede en vir die omstandighede waaronder 'n klag ingedien mag word. |

[3] Daar is twee vakante posisies vir trustees wat deur die lede aangestel is wat deur die betrokke personeelverenigings gevul moet word.

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*